# GEMEENTEBULLETIN

**22 NOVEMBER 2020**

STELLENBERG GEMEENTE

## EREDIENSTE

### IN DIE KERK EN AANLYN

**Oggend-en-gesinsdiens om 09:00**

Ester 4:9-17 | Met die oog op 'n tyd soos hierdie . . . | Ds. Why Duvenhage

**Relevantdiens om 18:00**

Jesus herstel | Ds. Hanno Ackerman

### IN DIE KAPEL

**Meditatiewe diens om 09:00**

Ester 4:9-17 | Ds. Philipp Dietmann

## COVID-19-PROTOKOL IN DIE KERKGEBOU

Ons rig 'n vriendelike versoek aan kerkgangers om maskers gedurende die eredienste in die kerk te dra, ook tydens sang. Kom ons neem mekaar in ag en beskerm mekaar.

## KERSSANGDIENS IN DIE BUITELUG 29 NOV.

Lidmate word uitgenooi om op Sondag 29 November om 09:00 by ons Buitelugkerssangdiens aan te sluit. Daar sal baie stoele uitgepak word, maar indien julle het, bring asb. stoele saam, asook 'n piekniekmandjie met versnaperinge sodat ons na die diens saam kan eet en kuier. Indien die weer nie saamspeel nie, sal ons die diens na die kerkgebou verskuif. Daar sal dan drie ingange na die kerkgebou wees. 'n Groot Kersboom saam met pragtige Kerssang, sal jou beslis in die regte stemming vir die Kersgety bring. Bring asb. flesse vol lekkerte asook noodkospakkies (sien bl. 2) saam na dié erediens. Deuroffer by Kerssangdiens: Kampe vir minderbevoorregte kinders.

## GEMEENTEBRAAI OP 27 NOV. VANAF 18:00

Sluit gerus op Vrydagaand 27 November vanaf 18:00 by ons gesellige gemeentebraai in die markplein aan. Bring jou eie vleis, drinkgoed, slaai, eetgerei en glase saam.

### ANNIBRAND JUNIOR

Graad 1's en 2's kom vanaf 09:50 tot 10:30 in die kerk byeen.

### STOKKIESDRAAI-BRAAI

Vir almal vanaf graad 1 tot 4 op Dinsdag 24 November van 15:00 tot 17:00 op die kerkterrein.

### GEBEDSBYEENKOMS EN –VERSOEKE

Die asemskep-gebedsbyeenkoms word elke Dinsdag om 18:30 in die kapel aangebied. Gebeds-versoeke kan aan ds. René Potgieter by 079 893 8104 gestuur word.

## NOODKOSPAKKIES VIR DIE KERSGETY

Met 'n kombinasie van net drie niebederfbare produkte kan 'n maaltyd vir 'n gesin van ses opgetower word. Ons beoog om noodkospakkies met produkte soos hieronder uiteengesit te versamel, sodat ons gesinne tydens die Kersgety daarmee kan ondersteun. Verpak die volgende per pakkie:

'n pakkie sojamaalvleis + 500 g pasta + 1 pakkie tamatiepasta, of
'n pakkie sojamaalvleis + 1 blikkie kerriegroente + 500 g rys, of
'n pakkie sojamaalvleis + 1 blikkie ertjies + 500 g rys.

Gee asseblief die verpakte produkte by die kerkkantoor af, of plaas dit Sondae in die voorportaal van die kerk.

## FLESSE VOL LEKKERTE VIR DIE KERSGETY

Ons wil gedurende die Kersgety graag 'n tikkie vreugde in minderbevoorregte gemeenskappe versprei. Vir dié doel samel ons glasflesse (leë mayonnaise-, koffie- en blatjangflesse, ens.) wat met lekkers of koekies gevul is, in. Bring die gevulde flesse saam na die Buitelugkerssangdiens op Sondag 29 November om 09:00 en plaas dit onder die groot Kersboom, of gee jou bydrae by die kerkkantoor af. Indien jy nie tyd het om self koekies te bak nie, bestel gerus koekies by *21 Cookies of Hope,* Mariaan Hattingh 079 880 0407.

## KERKRAADSVERGADERING 25 NOVEMBER

Neem asb. kennis dat die kerkraadsvergadering van 25 November ook 'n beroepingsvergadering is. Tydens die vergadering van 26 Aug. is dr. André Agenbag se versoek om aan Stellenberg-gemeente gekoppel te word, hanteer. Dr. Agenbag is voltyds in sinodale diens en verantwoordelik vir gemeentebegeleiding en hy word deur die sinode aangemoedig om as leraar aan sy plaaslike gemeente gekoppel te wees. Dr. Braam Hanekom is op dieselfde wyse aan die gemeente gekoppel. Hy is woonagtig binne ons gemeentegrense. 'n Pre-advieskommissie is benoem om dr. Agenbag se aansoek te bespreek en hulle aanbeveling sal op die kerkraadsvergadering van 25 November hanteer word, waarop 'n beroep DV uitgebring sal word. Sy aanstelling sal geen finansiële verpligting vir die gemeente inhou nie, aangesien sy vergoeding deur die Sinode van Wes-Kaapland betaal word.

### DAAGLIKSE STEMBOODSKAPPE

Indien jy graag na die daaglikse boodskap ('n stemopname deur leraars) op jou selfoon wil luister, stuur asb. 'n WhatsApp met jou *naam + stemboodskap* na 083 611 4720. Jy sal dan op die verspreidingslys geplaas word en die stemboodskap daagliks op jou selfoon ontvang. Geen gemorspos nie.

### STELLENBERG ONDERSTEUNINGSENTRUM

SOS bied berading en mediasiedienste deur professionele persone aan. 'n Kliniese sielkundige, spraak- en arbeidsterapeute, 'n besigheids- en lewensafrigter, asook 'n musiekterapeut se dienste word aangebied. Maak gerus 'n


## TIENDEMAANDINSAMELING

Dankie aan elkeen wat deel is van ons kersritueel wat aan die Tiendemaandinsameling gekoppel is. Dit begin in ons huise, met spesiale rituele rondom etenstye, gesprekke en selfs waar lidmate stil word tydens Bybelstudie, of gebed. Ons fokus op die Gewer van alle goeie gawes en raak opnuut bewus van die oorvloed van seëninge wat ons daagliks geniet.

Tydens eredienste raak selfs die kleinste kinders betrokke en steek met die hulp van hulle ouers ook 'n kers aan. Dit bied ook 'n geleentheid om ons gemeente se leuse *Ons reik uit oor alle grense* sigbaar en tasbaar te maak deur 'n kers in jou straat of omgewing uit te deel en ander lidmate uit te nooi om deel te neem aan ons eredienste, aanlyn of in die kerkgebou.

Baie dankie aan elke lidmaat wat bydra tot die spesiale insameling. 'n Bedrag van R742 212 is reeds ontvang. Tiendemaandbydraes kan elektronies oorbetaal word na: ABSA, tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005, met verwysing: Tiendemaand. Kontantbydraes kan in 'n gemerkte koevert in die kollektebord gesit word, of in die beveiligde posbus by die voordeur van die kerkkantoor geplaas word, of by die kerkkantoor inbetaal word.

Jesus het self gesê: *Om te gee, maak 'n mens gelukkiger as om te ontvang."* (Hand. 20:35) en *Waar jou skat is, daar sal jou hart ook wees.* (Matt. 6:21)




**EDELWEISS**

**BYBELSTUDIE**

Donderdag 26 November om 14:30 in die eetsaal.

Spreuke 22: Wysheid wat werk!

**AANLYN**

**ADVERTENSIEBLAD**

In die Samaritaan-advertensieblad op www.stellenberg.co.za word produkte, verskeie dienste, woonplekke en werksgeleenthede, geadverteer. Advertensies sonder 'n foto kan teen R50 per maand geplaas word en die met 'n foto teen R100 per maand. Stuur 'n e-pos aan sanel@stellenberg.co.za.

## BYBELLEESPROJEK 2020–2021

Ons beoog om deur die loop van 2021 tydens eredienste, kategese en ook d.m.v. die Bybelskoolkursus sistematies deur die Bybel te lees. Die Bybelskoolkursus van 2020/21 sluit by die Bybelleesprojek aan en die eerste twee aanbiedings vind reeds op die Maandae van 30 November en 7 Desember om 19:00 in die kerkgebou plaas. Die aanbiedings sal ook aanlyn op www.stellenberg.co.za gevolg kan word.

Jy kan jou eie Bybelvertaling gebruik om by die Bybelskoolkursus, of leesprojek in te skakel, maar ons moedig tog lidmate aan om die nuwe vertaling te bekom.

**Bybelbestellings** van die nuwe vertaling by die kerkkkantoor voor 26 November 2020. 'n Hardebandweergawe teen R140 en 'n sagtebandweergawe teen R340, is beskikbaar. Jy sal ook 'n gratis Bybelleesgids en toegang tot die Bybelskoolkursus ontvang.

Indien jy net by die Bybelskoolkursus wil inskakel, skryf in en ontvang ook 'n gratis Bybelleesgids. Kontak vir Karin Barter by 021 976 4519 ( 08:00 tot 14:00), of stuur 'n e-pos aan karin@stellenberg, vir inskrywings of Bybelbestellings. Die kursus is gratis.

Daar sal ook geleentheid wees om op Sondae, na die eredienste, in die voorportaal van die kerk vir die Bybelskool te registreer en Bybelbestellings te plaas.

## KERSETE IN KLIPHEUWEL- INFORMELE NEDERSETTING

Ons bied vanjaar weer soos voorheen in samewerking met Shiloh 'n Kersete vir die mense woonagtig in die informele nedersetting van Klipheuwel aan. Om aan Covid-19-regulasies te voldoen, sal dit 'n wegneemete wees en ons beoog om etes aan 400 volwassenes en kinders te voorsien. Finansiële bydraes vir die groot onderneming sal baie waardeer word en kan elektronies inbetaal word by die volgende rekening: Shilhoh, FNB, Willowbridge, takkode 210655, rekeningnommer 622 643 38643. Verwysing KLIPPIES.

## VAKATURE IN DIE GEMEENTE

Die gemeente beskik oor 'n vakature vir 'n feesmarkorganiseerder. 'n Kreatiewe persoon met ervaring in organisasie, beplanning en bestuur van feeste is 'n vereiste. Diensaanvaarding: 1 Januarie 2021. Doen aansoek voor 4 Desember 2020 om 12:00 by stellenberg@stellenberg.co.za. Die posbeskrywing kan ook by die e-posadres aangevra word.